Sondag 19 April

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 13:1-14

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 13:10 (AFR2020)

## Moet nooit verwaand raak oor die genade van die HERE nie

Die Here het baie genade aan Dawid betoon. Van die oomblik af dat Samuel vir Dawid as koning van Israel gesalf het, het die Here vir Dawid beskerm. Na die dood van Saul het die Here voortgegaan om Dawid genadig te wees. Die hele Israel is onder die heerskappy van Dawid gekonsolideer. Dawid was altyd onder die indruk dat hy in die genade van HERE koning is, daarom is die HERE die eintlike Koning van Israel. Om hierdie rede was dit Dawid se begeerte om die volk onder die heerskappy van die HERE te konsolideer. Daarom wou hy die verbondsark van die Here van Kirjat-Jearim na Jerusalem, die sentrum van die volk, verskuif.

Alhoewel Dawid 'n goeie begeerte gehad het en dit nie verkeerd was om die ark van God na Jerusalem te bring nie, het Dawid hom die genade van die Here aangematig. In plaas daarvan dat hy enigsins die Here raadpleeg het hy die aanvoerders en die volk geraadpleeg om die ark na Jerusalem te bring. Vir almal het dit reg geklink, Dawid het tog gesê: "... as dit van die HERE ons God af kom." Sonder om die voorskrifte van die Here oor die vervoer van die ark na te gaan (Num. 4:15), het hulle almal weggespring en dit gedoen soos hulle goedgedink het.

Ons kan al die regte dinge doen wat van buite lyk of dit tot eer van die Here is, maar net die Here oordeel of dit tot sy eer is. Dit het Ussa se lewe gekos, sodat Dawid weer besin het wat regtig tot eer van die Here is.

Ons mag ons nooit die genade van die Here aanmatig nie, al is ons bedoelings hoe edel. Ons is nie geregtig op die genade van die Here nie, want genade gee die Here omdat Hy wil, en nie omdat ons dit verdien nie. Genade is altyd gesetel in die duur prys wat Jesus Christus daarvoor betaal het.

*Sing Psalm 133-1:1, 2, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*